



Vierde uitgawe
2026

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

• Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
082 809 2037
- Ondervoorsitter – Jaco Kriek
079 851 5040
- Tesourier - Bruce Carter
084 5132220
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
083 377 7893
- Skakelbeampste—Christa Vermaak
083 388 4736
- Addisionele lede :
Duvan Horn
Johan Els
Liam O’Flaherty

Enige idees, artikels of terugvoering
rakende die nuusbrief kan gegee word
aan Jaco Kriek by:
Jacospringkaan@gmail.com

In hierdie uitgawe

Van die Redakteur	1
Briewebus	2
Commiphora	3
Vergadering 4 Julie	11
Snippets	16
Vergadering 1 Augustus	17
Snippets	41
Progress history	33
Kalender	34
Sorgskedule	35

The word Koeda is Japanese and means: ‘Graceful branch’. It is pronounced Ko-eda.

Van die redakteur

Bonsai vriende

Lente is hier, en ons was gelukkig met bietjie vroeë reën die jaar. Gewoonlik verwag ons in Pretoria ons eerste reën eers vroeg Oktober.

En met die baie matige winter wat ons gehad het het ek geen ryp skade aan my bome nie. Inteendeel, ek het omtrent nie nodig gehad om my bome teen ryp te beskerm die winter nie.

En nou loop al my bome uit. Ai en is dit nie mooi nie? Die nuwe groei en nuwe lewe is heerlik om te ervaar. Vars liggroen blaartjies by sekere spesies en dan weer rooierige blaartjies, of ander kleure, by ander spesies. En dit verander amper daaglik. Maak seker jy gaan kyk elke dag na jou bome en geniet die absolute wonder van die natuur die tyd van die jaar.

Dag temperature behoort nou vin-nig te begin optel. Hou dus dop dat jou bome nie uitdroog nie. Die nuwe groei kan baie maklik skade kry as die bome nou uitdroog.

Wag met voeding gee totdat hierdie eerste groei se blare verhard het. So ook met takkies terugsnij.

Kyk ook uit vir peste en plaë wat ook nou hulle verskyning sal begin maak. Waar moontlik, verwyder met die hand, voordat jy na die in-sekdoders gryp.

Geniet hierdie wonderlike tyd met jou bome en die natuur.

Bonsai Groete

Jaco



Pinching back the soft growth early in the growing season restricts the shoot extension and helps to create short internodes and greater branching.

Briewebus

Bonsai Kai lede

Ek het pas deur die Koeda geblaai. Ds Danie het op 2 Mei hierdie Vy Gewys:



Dit is 'n Ficus lingua, 'n immergroen struik, vroeër bekend as Ficus buxifolia.

Dit is inheems aan 'n uitgestrekte gebied in Afrika, van Mosambiek tot Kenia, Oeganda en oor Sentraal-Afrika tot in Kameroen en Wes-Afrika.

Francois van As

Baie dankie Francois. Soos in die Koeda genoem het ons nie geweet wat se spesie dit is nie.

Jaco


“A good recipe for growing bonsai is sun, water, soil, fertiliser and pruning.”

Alfiero Suardi

COMMIPHORA - THE GIFT TO SOUTH AFRICAN BONSAI

In 2025 het SABA vir Liam O'Flaherty gevra om 'n artikel te skryf vir die SABA nuusbrief. Nadat Liam die artikel aan hulle gegee het is daar aan hom gesê dat die artikel te groot is vir publikasie.

Soos julle weet is niks vir die Pretoria Bonsai Kai te groot nie, so hier volg die artikel.



Commiphora harveyi
Freddie Bisschoff, Western Cape.

**A BONSAI SPECIES FOR ALL SEASONS, THE COMMIPHORA
CONTINUES TO DELIVER AS A GREAT ACHIEVER.**

By Liam M. O'Flaherty

COMMIPHORA - THE GIFT TO SOUTH AFRICAN BONSAI

An interesting genus having approximately 230 species, distributed predominantly in Africa, the Middle east and Asia. Out of the approximately 23 species found in South Africa I have only seen 6 species used as bonsai.

Out of these 6, it is the *C. harveyi* that has won the reputation for being the most popular. Given that all *Commiphora* species aren't often available in commercial nurseries nor commonly used in the landscaping industry, the reason the *C. harveyi* might have been a preferred choice, is for its uniquely flaking and colourful bark.



The *C. harveyi*'s wide and popular distribution amongst South African bonsai enthusiasts would have certainly been by cuttings and even truncheon cuttings. Massive fat stumps or pencil thick twigs strike easily as cuttings with little effort. This is equally applicable to all *Commiphora* species.

The *C. harveyi*'s popularity is very evident amongst the bonsai community of Kwazulu-Natal. This was highlighted at the SABA convention, 2023, held at the Durban Botanical Garden. Should one not have attended that convention, the YouTube video 'A walk through of the South African Bonsai Association's 2023 Convention' on the channel 'Discover bonsai' clearly features the bonsai on that exhibition, including the many *C. harveyi*.

However, the only species of South African Commiphora not presenting interesting bark is *C. woodii*. This is compensated by the species' ability to ramify more successfully than its seemingly more attractive counterparts.

This is well exhibited by the greatest serving example of this species, brought to my attention, owned by Gary Howes from Kwazulu-natal.

C. woodii, Gary Howes, KZN.



COMMIPHORA - THE GIFT TO SOUTH AFRICAN BONSAI

While the *C. woodii* is sporting its well ramified winter silhouette, the remaining species will proudly be showcasing their flaking bark in winter. This is illustrated by Freddie's example on the title photograph of this article, being the commonly seen *C. harveyi*. However, the less seen, but equally attractive, *C. marlothii* will be flashing the bark they



have on offer. To date, I have not seen a greater specimen than the outstanding bonsai currently owned by Kwet van der Merwe, the presently serving chairman of the Kimberley Bonsai Kai. A tree Kwet obtained from the late Casper Bezuidenhout, also of Kimberley. Although the tree here shows its fine flaking bark to reveal greens in saturation, in nature they flex muscles of green that resemble stretched 'Hulk' like skin.

C. marlothii, Kwet van der Merwe, Kimberley.

All the known *Commiphora* have the wonderful ability to reduce leaf size and flower as bonsai. It is the *C. neglecta* that achieves greatly in this trait. Another wonderful ability of the *C. neglecta* is that it will bear fruit. The fruit is a bright melon red.

Jaco Kriek, the Vice Chairman of the Pretoria Bonsai Kai, has a *C. neglecta* that holds the title of 'The Ship' for its unique clump-like composition.



This was formed by a low amputation in its initial years. The base of the tree is exposing what once was the roots of the tree. Several shoots ascended, and these shoots were used to create the composition of the bonsai. The severed part was used to create a literati style bonsai. Large, removed sections of *Commiphora* parts are very successfully used to make new additions to bonsai collections. This highlights a huge advantage the genus holds, being propagation by truncheon cuttings.



COMMIPHORA - THE GIFT TO SOUTH AFRICAN BONSAI

Org Exley, the current chairman of the Pretoria Bonsai Kai has several massive *Commiphora* truncheons that he obtained in KZN. One of these chunks, after 15 years in a growing container, the 1-metre-tall *C. harveyi* was seen fit for its first pot and to begin the journey of refinement to another exhibition piece in Org's extensive collection.

C. harveyi, Org Exley, Pretoria.



As we see so much variation on offer, between all the species of *Commiphora*, they all present unique flowers and unique flowering times too, usually between late winter and mid-summer. Ian Pringle, of Bela-Bela, co-founder of the now closed Waterberg Bonsai club, has two species in his collection. His *C. schimperi* had just started to reveal its flowers before it had started to create foliage this year. Unlike the small, cream, whispery flowers nestled between proud tufts of foliage as seen in the other *Commiphora*, the *C. schimperi*'s flowers are a welcome saturation on old wood that appear just before their uniquely serrated leaves appear.

After the *Commiphora* have vaunted their summer glory of lush foliage, flowers and fruit, they prepare the stage for their next act, being autumn colour.



Ian's *C. schimperi* flowers.

COMMIPHORA - THE GIFT TO SOUTH AFRICAN BONSAI

Before rushing to autumn, we must certainly mention Ian's *C. mollis*. Known and named for its velvet textured leaves that are in pairs of up to four to create its compound leaf.

Below: *C. schimperi* (left) and *C. mollis* (right), Ian Pringle, Bela-Bela, Limpopo.



As well as Johan Els' *C. pyracanthoides*. Johan, of the Pretoria Bonsai Kai notes, that unlike other *Commiphora* that should be re-potted at bud-break in spring, the *C. pyracanthoides*, named for its fiery thorns, should only ever be planted when completely dormant, July being a good time.

C. pyracanthoides, Johan Els, Pretoria.



COMMIPHORA - THE GIFT TO SOUTH AFRICAN BONSAI

It will be in summer that you will notice the amazing healing ability of the species. The example below illustrates the remarkable healing ability of the genus. This scar's healing process was aided, over the years, by exposing the cambium on the inside of the 'roll', till it closed completely.

Scar healing, *C. harveyi*, Jaco Kriek, Pretoria.



Autumn colour may vary from year to year. It is all the species fantastic act to display autumn colour that makes them an even more appealing genus for bonsai. The autumn colour in an almost uniformed lemon yellow opens the opportunity to interesting pot choices. When many growers prefer unglazed brown pots, to suit the specie's rustic and arid theme, glazed pots present many opportunities to show case their deciduous habit. Besides the bright yellow autumn colour, the varying hues of the bark allow exciting palettes to experiment with. Pictured right is a very young *C. harveyi*, in the early stages of development by Jaco. The photo did capture a splendid display of autumn colour and the beautiful complement with its blue training pot.



COMMIPHORA - THE GIFT TO SOUTH AFRICAN BONSAI

I often wondered how red pots would compliment the green foliage and green patches of the bark. Or how teal pots would create a balanced composition as they juxtapose the warm tones of trunks and flowers of certain species. The opportunities seem limitless. Below left is my *C. woodii* in a red pot that picks up on the red fresh spring growth. Right is Jaco's *C. harveyi* in a custom-made pot we commissioned for the tree from RCL ceramics in Pretoria.



Below are pot suggestions I made to the owners of previously mentioned trees of this article.



COMMIPHORA - THE GIFT TO SOUTH AFRICAN BONSAI

The pastel green peeling bark of Ulundi Jansen's unidentified *Commiphora* in Pretoria.

In conclusion I trust any reader of this article will appreciate the title I've given the genus being 'The bonsai for all seasons' and that justification is given to the claim that *Commiphora* is indeed a gift to South African bonsai. If we consider the diverse and wonderful traits of just the six species mentioned in the article, I imagine the wonders waiting to be discovered with the rest of the South African *Commiphora* species. One such wonder is presented by the pastel green and peeling bark and serrated leaf of an unusual specimen owned by Ulundi Jansen of Pretoria. This little mystery is a species we have not yet been able to accurately identify. It bears traits close to *C. Schimperi*, but Ian, Ulundi and I are not completely convinced. Quite often the common names make the species easy to identify. Below is a list of the common names mentioned in this article.



- C. harveyi- copper stemmed corkwood.
- C. neglecta- green stemmed corkwood.
- C. marlothii- paperbark corkwood.
- C. pyracanthoides- firethorn corkwood.
- C. schimperi- glossy leaved corkwood.
- C. mollis- velvet corkwood.

Bibliography:

Growing South African Trees as Bonsai. Liam M. O'Flaherty, Self-published, 2024.
Commiphora vir bonsai, deur Jaco Kriek, Pretoria bonsai Kai meeting, January 2022.
Commiphora as bonsai, YouTube, 2024, Living Sculptures ZA.
 Thanks: Org Exley, Jaco Kriek, Johan Els, Freddie Bisschoff and Ian Pringle. ♣

Vergadering van 4 Julie 2026

Potte maak.

Die dag het gegaan aan potte maak en is aangebied deur Hannes, Stefan en Johan van Suikerbos Bonsai Kai. Dankie aan Hester wat vir ons die notas saamgestel het van die proses om die potte te maak.

Onder links na regs: Johan, Hannes en Stefann.



Daar was heelwat lede wat bygewoon het en hulle eie potte gemaak het.



Vergadering van 4 Julie 2026

Potte maak.

Metode: notas deur Hester van Niekerk:

- Gebruik bousand of pleistersand.
- Maak sand bietjie nat - net klam genoeg om vorm te hou.
- Gooi klam sand op 'n houtbord wat oorgetrek is met plastiek.
- Druk sand saam in die vorm van 'n bak. Maak seker sand is stewig vasgedruk.



- Vat 'n klip met heelwat tekstuur en druk vorms in die gekompakteerde sand.
- Gooi nou growwe riviersand oor die hele vorm.
- Gooi dan “oxide” van jou keuse om rant van die vorm.
- Maak 'n mengsel van papier pulp en sement aan in 'n 50:50 verhouding. Meng genoeg vir eerste laag van pot.



Vergadering van 4 Julie 2026

Potte maak.

- Gooi bietjie water by mengsel en meng goed tot klei wat sag is.
- Druk pypies in sand vir dreinerings gate in pot.



- Versterk nou pot deur stukkies ogiesdraad so na as moontlik teen die rand van pot te sit en oor die hele vorm van de pot. Stukkies draad moet oorvleuel.
- Pak nou volgende laag klei oor. Maak seker die klei word in die ogiesdraad ingewerk.
- Die rante moet nie op die bord eindig nie maar teen die sand.



Vergadering van 4 Julie 2026

Potte maak.

- Sproei bietjie water oor hele vorm.
- Gooi “oxide” in teenoorgestelde manier as eerste keer oor die hele pot. (maw as jy eerste keer rooi en dan swart “oxide” geplaas het, plaas nou die swart en dan die rooi).
- Gooi nou growwe sand hard teen die hele pot.
- Druk weer vorms met die growwe klip teen die pot.
- Maak die bodem gelyk.
- Maak die pot met ’n plastiek sak toe. Laat staan vir ten minste ’n week maar maak die pot elke dag nat sodat hy nie te vinnig uitdroog nie.



Vergadering van 4 Julie 2026



Snippets

Our Environment.

Provide nesting material for birds

Offer material like twigs and leaves to help birds build their nests, which can be a simple yet impactful act.

Don't clean your yard as if it is an operating theatre.



Inspirasie uit die natuur



Die redakteur het ongelukkig vergeet wie hierdie boom, in die Kruger Wildtuin, afgeneem het. Dit is heel waarskynlik een van die Wildevy spesies. Is dit 'n mooi vorm om as bonsai na te boots?

Vergadering van 1 Augustus 2026 - mini uitstalling



Bo: Danie het die Ficu Burtt-Davyi so twee jaar gelede as baie klein boompie op die raffle gewen.

Vêr regs: Christa besit die Olienhout sowat 9 jaar en werk so ses jaar aan die boom. Sy noem dat sy gesukkel het met "thrips" op die boom.



Regs: Bruce werk sowat 2 jaar aan die Buddleja wat hy by 'n kwekery gekoop het.

Onder: Koos noem dat hierdie Buddleja oorspronklik drie boompies was wat se stammetjies saamgevoeg is.



Vergadering van 1 Augustus 2026

Tip of the month deur Vorster Fourie en Danie (Rooibaard) Jansen

Vorster noem dat die Olien wat hy wys baie verwaarloos is. Hy kan ook aan die boom sien dat die boom sukkel. Een van die eerste tekens dat 'n boom oorgeplant moet word is as hy nie welig groei nie en as daar selfs takke vrek. Toe Vorster, met Danie se hulp, die boom uit die bak haal kon gesien word hoe verskriklik “pot bound” die boom is. Vorster het die wortels uitgekam om te sien hoeveel fyn wortels daar is en hoeveel dikker wortels hy dus kon afsny. Nadat dit bepaal is het hulle met 'n saag die onderste wortelbol afgesny. Kyk net op een van die foto's onder hoeveel wortels toe wel afgesny is. Hulle het toe die boom in vars grondmengsel geplant wat bestaan uit dolomiet gruis en kompos, Die poeier is uit die dolomiet klip uitgesif. Daar is ook beenmeel bygevoeg. Vorster gooi dan hormoon poeier, nommer 2 of 3, oor die wortels. Die boom is in die bak geplaas en die mengsel noukeurig met stokkies tussen die wortels ingewerk. Die boom is toe met draad stewig in die bak vasgebond. ♣



Vergadering van 1 Augustus 2026



Deur Wouter Pretorius



Vergadering van 1 Augustus 2026

INLEIDING

Die Saliehoutsoorte — inheemse bonsai-skatte

Buddleja — die saliehoutsoorte, of *salies* — is taai, vinniggroeiende struik en klein bome wat regoor suidelike Afrika voorkom. In die natuur geprys vir geurige blomme wat skoenlappers en voëls lok, het verskeie spesies gunsteling op die bonsaibank geword.

Buddleja behoort aan die Loganiaceae — 'n verrassend groot familie van meer as 140 spesies waarvan die vyf Suid-Afrikaanse genera oppervlakkig min in gemeen het. Hierdie gids beskryf sewe inheemse spesies en sluit dan af met 'n waarskuwing oor een berugte uitheemse familielid.

Vinnig & kragtig

verdik gou

Karaktervolle bas

gekloof, afskilferend

Geurige blomme

skoenlappermagnete

Bot op ou hout digte

vertakking



Vergadering van 1 Augustus 2026

O O R S I G

Die spesie op 'n oogopslag

<u>Spesie</u>	<u>Algemene naam</u>	<u>Afrikaans</u>	<u>Hoogte</u>	<u>Blomme</u>	<u>Waar</u>
<i>B. saligna</i>	Olive Sagewood	Witolienhout	tot 12 m	Room, heuninggeurig	Wydverspreid
<i>B. salifolia</i>	Quilted Sage-wood	Saliehout	Tot 8 m	Wit-pers, oranje keel	Wydverspreid
<i>B. auriculata</i>	Weeping Sage-wood	Treursalie	tot 7 m	Room-geel, winter	O & NO streke
<i>B. loricata</i>	Mountain Sage-wood	Bergsalie	tot 5 m	Room-geel, somer	Hoë berge
<i>B. glomerata</i>	Karoo Sagewood	Karoosalie	tot 4 m	Geel, baltrosse	Droë Karoo
<i>B. dysophylla</i>	White Climbing Sagewood	Witranksalie	tot 10 m	Wit-room, rankend	Woudrande
<i>B. pulchella</i>	Red Climbing Sagewood	Rooiranksalie	tot 10 m	Opvallend, geurig	Rivierwoud

Ook gedek: *Buddleja davidii* — 'n vinnig-verspreidende eksoot en verklaarde indringerplant in Suid-Afrika, ingesluit as 'n waarskuwing, nie 'n kandidaat nie.

SPESIE 01 • IMMERGROEN

Buddleja saligna *Olyfsaliehout • Witolienhout • Vals Olyf*

Die klassieke inheemse bonsai-onderwerp: 'n afhangende, immergroen boom waarvan die stam met ouderdom pragtig gedraai en gegroef word.

IN DIE VELD

HOOGTE	BLOMME	SEISOEN	STATUS
Tot 12m	Room	Aug–Jan	Minste kommer

- Ru, gebarste bas wat in dun stroke afskilfer
- Smal grysgroen blare, wit-geskubd onder
- Heuning-geurige blomhoofde; vinnig — tot 800 mm per jaar

AS BONSAI *Kragtig, ryphard en droogte-taai; verdik vinnig en vertak goed — vergewensgesind vir beginners.*



Vergadering van 1 Augustus 2026

VERSPREIDING


Waar *Buddleja saligna* groei

Van al die saliehoutsoorte is *Buddleja saligna* die wydverspreidste. Dit kom natuurlik voor oor die oostelike en suidelike helfte van Suid-Afrika — van die Wes-Kaapse kus deur die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal tot in Gauteng, Mpumalanga en Limpopo, asook in Lesotho en Eswatini.

Wydverspreid kus tot hoëveld

Gehard verdra ryp en droogte

Aanpasbaar bos, savanne en rantjies



SPESIE 02 • HALF-BLAARWISSELEND

Buddleja salviifolia Quilted Sagewood • Saliehout • Butterfly-bush

Vernoem na sy gekreukelde, gewatteerde blare, dra hierdie wydverspreide spesie opvallende, soet-geurige lente-blomare.

HOOGTE
Tot 8m

BLOMME
Wit-pers

SEISOEN
Aug—Okt

STATUS
Minste kommer

Vergadering van 1 Augustus 2026

IN DIE VELD

- Rooibruin bas wat in dradige stroke afskilfer
- Geplooië donkergroen blare, viltagtig onder
- Are van oranje-keel-blomme lok skoenlappers



AS BONSAI *Gedraaide, geboë stamme en geurige blomme; bot vrylik op ou hout na 'n harde snoei.*

VERSPREIDING

Waar *Buddleja salviifolia* groei

Buddleja salviifolia, die saliehout, verkies bergagtige habitate. Dit kom voor langs die oostelike platorand en berge — van die Wes-Kaapse suidkus deur die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal tot in Mpumalanga en Limpopo, asook in Lesotho en Eswatini.

Wydverspreid *oostelike Suid-Afrika*

Bergagtig *hange, klowe en klipbanke*

Wit-pers blomme *met oranje keel*



SPESIE 03 • IMMERGROEN

Buddleja auriculata Treursalie • Geoorde Buddleja

'n Sierlike, meerstammige treurplant met slanke wilgeragtige takke wat byna tot op die grond boog.

HOOGTE
Tot 7m

BLOMME
Room—geel

SEISOEN
Apr—Aug

STATUS
Minste kommer

Vergadering van 1 Augustus 2026

IN DIE VELD

- Wilgeragtige, hangende takke met 'n treurende groeiwyse
- Blink blare, wit-fluweel en gerimpel onder
- Soet-geurige blomme deur herfs en winter

AS BONSAI 'n Natuurlike keuse vir treur- en kaskadestyle; groei maklik uit hardhoutsteggies.



VERSPREIDING

Waar *Buddleja auriculata* groei

Inheems aan suider-Afrika, kom hierdie soort van die Oos-Kaap noordwaarts deur KwaZulu-Natal tot in Mpumalanga, Limpopo en die buurlande voor.

Bewoon bosrande, klowe en klipperige hange langs die oostelike platorand

Verkies vogtige, halfskadu-plekke naby standhoudende strome
Van naby seevlak tot in montane grasveld, tot ongeveer 1 800 m



Vergadering van 1 Augustus 2026

SPESIE 04 • BERG

Buddleja loricata Bergsalie

'n Netjiese, digte bosagtige struik van hoë rotsagtige hange en stroomoewers — koudbestand en pragtig kompak.

HOOGTE	BLOMME	SEISOEN	STATUS
Tot 7m	Room—geel	Apr—Aug	Minste kommer

IN DIE VELD

- Netjiese, ronde, veelstammige vorm
- Smal geplooië blare, roeskleurig-behaard onder
- Soetgeurige somerblomare



AS BONSAI Klein blare en digte groei pas shohin en kleiner groottes; van halfharde houtsteggies.

VERSPREIDING

Waar *Buddleja loricata* groei

'n Bergsoort van suider-Afrika se hoëland — versprei deur die Drakensberg en oostelike platorand, van die Oos-Kaap deur KwaZulu-Natal en die Vrystaat tot in Mpumalanga en Lesotho.

IN DIE WILD

- Groei op hoë rotsagtige berghange en langs berg strome
- Verkies koel, montane grasveld, dikwels tussen 1 500 en 2 800 m
- Koudbestand en verdra ryp, sneeu en skerp bergwinde



Vergadering van 1 Augustus 2026

SPESIE 05 • KAROO ENDEMIES

Buddleja glomerata Karoo Sagewood • Karoosalie

'n Droogtebestande Karoo-endemiese plant beklee met silwerige, blougroen gewatteerde blare — suiwer karakter vir dorre-styl aanplantings.

HOOGTE	BLOMME	SEISOEN	STATUS
Tot 7m	Geel	Sept—Mrt	Minste kommer



IN DIE VELD

- Blougroen, geplooië blare met silwerwit hare
- Bal- en aarvormige geel blomtrosse
- Hou van hitte en klipperige grond; wortels nie-indringend

AS BONSAI Silwer blare en growwe voorkoms vir Karoo-stilering; vinnig-groeiend en maklik uit steggies .

VERSPREIDING

Waar *Buddleja glomerata* groei

'n Karoo-endemiese soort van suider-Afrika se dorre binneland — grootliks beperk tot die Groot- en Klein-Karoo, van die Oos-Kaap deur die Noord-Kaap tot in die Wes-Kaap se binneland.

IN DIE WILD

- Groei op klipperige koppies, rotshange en droë spruitlope
- Verkieë warm, dorre Karoo-skrofveld met karige reënval
- Verdra hitte, droogte en skraal, klipperige grond



Vergadering van 1 Augustus 2026



SPESIE 06 • KLIMMER

Buddleja dysophylla White Climbing Sagewood · Witranksalie

'n Klouterende struik of klein regop boom van bosrande, met dun bros takke en los, geurige blomtrossies.

HOOGTE	BLOMME	SEISOEN	STATUS
Tot 10m	Wit-room	Mei–Sept	Minste kommer



IN DIE VELD

- Skilferige, ligbruin bas; jong lote wit-wollerig
- Eier- tot driehoekige blare, bleker en harig onder
- Groot, los trossies van romerige, geurige blomme

AS BONSAI *Kragtig en buigsaam; die klouterende groeiwyse leen hom tot informele en kaskadevorme.*



Vergadering van 1 Augustus 2026

VERSPREIDING

Waar *Buddleja dysophylla* groei

'n Klouteraar van bosrande en riviersomes — wydverspreid deur die oostelike en noordelike dele van suider-Afrika, van die Oos-Kaap deur KwaZulu-Natal tot in Limpopo, Eswatini en Zimbabwe.

IN DIE WILD

- Skarrel oor bosrande, ruigtes en langs rivieroewers
- Verkies vogtige bosveld en oopbos-grasveld naby water
- Klim en rank oor omliggende plantegroei na sonlig



SPESIE 07 • KLIMMER


Buddleja pulchella Rooiranksalie • Red Climbing Sagewood

Die naam beteken 'mooi' — 'n slordige klimmer van rivierwoud wat die vertoonrykste, sterkste geurende trosse van die groep dra.

IN DIE VELD

- Bruin, skilferige bas; wollerige wit takkies
- Blink donkergroen blare, roeserig-harig onderkant
- Vertoonryke, sterk geurende pluime met oranje kele

AS BONSAI Gekweek vir geurige, vertoonryke blomme; die los groeiwyse werk vir informele regop en kaskade.



Vergadering van 1 Augustus 2026

VERSPREIDING

Waar *Buddleja pulchelle* groei

'n Rankende klimmer van rivierwoud — versprei deur die noordoostelike dele van suider-Afrika, van KwaZulu-Natal deur Mpumalanga en Limpopo tot in Eswatini en Zimbabwe.

IN DIE WILD

- Groei langs rivieroewers, in ruigtes en aan bosrande
- Verkieë warm, vogtige bosveld en laeveld-riviersomes
- Rank oor bome en struik om die kroondak te bereik



'N WOORD VAN WAARSKUWING · NIE INHEEMS NIE

Buddleja davidii Skoenlapperbos · “Indringer” · Uitheems

Aantreklik, ja — maar hierdie Asiatiese familielid is 'n verklaarde indringerplant in Suid-Afrika. Dit ontsnap uit tuine om rivieroewers en versteurde grond te koloniseer, en verdring inheemse plante.

WAAROM DIT HIER IS — AS 'N WAARSKUWING

- Versprei aggressief deur windgewaaide saad langs waterlope
- Geregleer: vermy die voortplanting, aanplanting of deel daarvan
- Herkenbaar aan sy lang, digte, keëlvormige pers are
- Kies eerder die inheemse saliehoutbome vir jou bank



Vergadering van 1 Augustus 2026

Buddleja saligna op die bank



Breë, verouderde stam



Beweging en verjonging



Fyn vertakking

Een boom oor die jare ontwikkel



Bo: 2019. Bo regs: 2016 verfyn

Regs: Op vertoning



Vergadering van 1 Augustus 2026

PRAKTIESE NOTAS

Kweek en stilering vir bonsai

Propageer uit steggies - Die meeste saliehoutbome wortel maklik uit harde of half-harde steggies — 'n vinnige pad na nuwe voorraad.

Snoei vir vertakking - Hulle bot geredelik op ou hout en beloon harde terugsnoei met digte, takkerige takstruktuur.

Son en skerp dreinerings - Gee vol son en goed-dreinerende grond; die meeste is droog-tebestand sodra gevestig — veral glomerata.

Snoei voortdurend - Voortdurende snoei is die enkele belangrikste deel van die ontwikkeling van 'n boom tot 'n meesterstuk.

Verwag vinnige groei - Groeikrag (saligna groei tot ~800 mm per jaar) verdik stamme vinnig, maar beteken gereelde snoei.

Verminder die blare - Natuurlik grootterige blare verklein met snoei en gedeeltelike ontblaring deur die groeiseisoen.

Geniet die blomme - Snoei ná die geurige blomstoot om vorm te behou terwyl jy steeds die geurige, skoenlapper-lokkende blomme kry.

Oorpot effens - Buddlejass verkies om effens oorgepot gehou te word.

OORPLANTING

Herverpotting & versamelde bome

Oorplanting word die beste gedoen in die boom se rusperiode, daar is ook gevind dat oorplantings goed werk as eerste tekens van nuwe groei of bot begin. Daar is 'n sterk verhouding tussen die hoeveelheid bo-groei en wortels. Maw as die boom welig bo groei en dit is in 'n vlak bak gaan daar “die back” wees op van die takke. Wees waaksaam veral met Saligna.

Bome wat uit die natuur versamel is, mag nie oorgeplant word voordat hulle vir ten minste 'n volle jaar sterk gegroei het nie — gee 'n pas gegroude boom tyd om te vestig voordat sy wortels versteur word.

Slegs slapend *skuif terwyl dit rus*

Versamelde bome *wag een sterk jaar*

Werk dit uit *hou die wortelbol heel*

Verpot dan *in vars, skerp mengsel*

Vergadering van 1 Augustus 2026

Kweek hulle inheems

Sewe taai, karaktervolle saliehoutbome — vinnig om te ontwikkel, vrygewig met geurige blomme, en almal ons eie.

Verwysing: “Buddlejas for Bonsai” — Charles Ceronio. Foto's & spesienotas: TheTreeApp SA. Fotos krdiete- Jonathan Cain(Saligna), Hannes Fritz(Saligna), Dawn Collier(Saligna) ,Hennie Nel (Glomerata). Bonsai-foto's deur die kweker.



Terwyl Wouter se praatjie aan die gang was het Org 'n Budleja gestyl, sien onder voor en na styling.



Progress history of trees - Ficus Burt-Davyi - deur Wouter Pretorius

Wouter het in ongeveer 2017 'n baie klein Ficus Burt-Davyi by 'n kwekery aangeskaf.

Hy het die boompie teen/oor 'n rots geplant. Die onderste twee foto's wys die proses terwyl hy aan die boom gewerk het.



Die boom het baie mooi ontwikkel en kan gerus uitgestal word, wat Wouter hopelik binnekort sal doen. Die onderste foto is in 2026 geneem, dus hoe die boom tans lyk. ♣



Bonsai Kalender – Deur Francois van As

Wat doen ons in Oktober?

Teen Oktober bevind ons ons in die tweede maand van die lente en die warmer weer laat die boompies verseker vinniger groei. Onthou dat die beste manier om digte vertakking te verbeter, opgesluit lê in voortgesette snoei. Groeipunte kan voortdurend uitgekny word, behalwe waar 'n tak verleng moet word. Wanneer uitloopsels begin verleng, kan hulle teruggesnoei word tot een paar blare. Dit sal kompakte groei bevorder. By naaldhoutboompies kan kerse tot tweederdes teruggekny word.

Met al die nuwe groei en 'n toename in watertoediening moet voeding nie agterweë bly nie. As jy vinniger groei in jong plante wil aanmoedig, gebruik 'n produk met 'n hoë stikstofinhoud, maar by die handhawing van meer gevestigde bome, waar ons nie wil hê die blare moet vergroot nie, kan 'n produk gebruik word wat weer hoër kalium en fosforinhoude bevat met 'n laer stikstofinhoud. Behandeling teen peste kan ook 'n aanvang neem aangesien skadelike insekte en swamsiektes hulle verskyning kan maak.

Bonsai-groete

Francois van As



Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel, is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
September	26	12	10	3	6-30mm
Oktober	27	14	9	9	61-100mm

Bron: <http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm>

Sorgskedule / Maintenance Schedule		Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer	Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late summer
Seisoen: Season:							
Maand / Month:		Sep	Okt / Oct	Nov	Des / Dec	Jan	Feb
Die boom se jaarsiklus The tree's yearly cycle		Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth	Kort dormante periode, konsolideer nuwe groei Short period of dormancy, consolidate new growth	
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed						
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings						
	Verplant / Potting						
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning	Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees					
	Vormsnoei Formative pruning						
	Knyp groeipunte Pinch growth points						
	Bemesting / Fertilizer						
	Insekdoders / Insecticide						
	Somerbeskerming Summer protection						
	Winterbeskerming Winter protection						
Seisoen: Season:		Vroeg herfs Early autumn	Mid herfs Mid autumn	Laat herfs Late autumn	Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter
Maand / Month:		Mrt/Mar	Apr	Mei/May	Jun	Jul	Aug
Die boom se jaarsiklus The tree's yearly cycle		Berey voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy			Dormant gedurende die winter Winter dormancy		
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed	Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed					
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings						
	Verplant / Potting						
	Herpot met wortelsnoei Repot + root pruning		Immergroen bome Evergreen trees				
	Vormsnoei Formative pruning						
	Knyp groeipunte Pinch growth points						
	Bemesting / Fertilizer						
	Insekdoders / Insecticide						
	Somerbeskerming Summer protection						
	Winterbeskerming Winter protection						